

6 November

Skrifgedeelte: Eksodus 34:1-10  
Fokusgedeelte: Eksodus 34:8-10

### God se permanente teenwoordigheid!

’n God wat orals saam met sy volk trek was vir die heidense volke in Moses se tyd ’n vreemde verskynsel. Hulle het geglo dat die gode se heerskappy beperk was tot die grondgebied van ’n spesifieke volk. Dit is teen die agtergrond van hierdie menings dat Moses by God aandring op die versekering dat Hy met hulle as volk sal saamtrek op pad na Kanaän toe. In die grootste liefde kom gee God hom die versekering. Hy kom staan by Moses en roep dit uit (vs 5-7): “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte.”

Opnuut sluit Hy ’n verbond met Israel (vs 10): “Voor jou hele volk gaan Ek magtige dae doen. Wat Ek vir jou gaan doen, sal almal met ontsag vervul.”

Hierin verseker God sy volk dat Hy nie net dag vir dag in hulle midde sal wees nie, maar met sy verbond ’n permanente teenwoordigheid onder sy volk sal vestig. Dit is hierdie waarheid wat ons vandag nog beleef in die groot dae van God. Hy straf, Hy vergewe, Hy verlos en Hy gee lewe tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 48:4, 5*

*Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*